# DIE HERMENEUTIEK VAN CALVYN

*Prof. L. Floor*

*Inleiding*

Wanneer ons Calvyn bestudeer dan is dit nie alleen belangrik om te luister na *wat* Calvyn sê nie, ons moet ook daarop let *hoe* hy die dinge sê.

By die vak hermeneutiek is ons geneig om te spreek van 'n hermeneutiese metode. Daar word selfs gepraat van die tegniek van die eksegese.

W. S. Vorster spreek in sy inougurele rede van eksegetiese modelle ('n Ou Boek in 'n nuwe Wêreld, p. 12). Selfs in ons woordgebruik by die aanwending van terme en begrippe kan ons baie by Calvyn leer. Die groot hervormer praat nie van die metode of die tegniek van eksegese nie. En eksegetiese modelle sou uit sy mond maar bra vreemd geklink het.

Calvyn doen dit anders, dieper, verrassender, geesteliker. Wanneer hy handel oor die hermeneutiek en die vraag na die regte interpretasie van die Bybel ter sprake kom dan gebruik hy die pragtige uitdrukking: donum interpretationis, die gawe van die uitleg van die Skrif (C.R. 41, 65, Dan. 7 : 15, 16).

Dis 'n geloofsbelydenis. Calvyn beskou die vermoë om die Heilige Skrif te verklaar as 'n gawe, 'n geskenk van ons hoogste en enige Leermeester Christus.

Calvyn was 'n eksegeet by uitnemendheid gewees. Naas sy Institusie wat 'n monument van uitnemende en nougesette eksegese genoem kan word, is daar die indrukwekkende ry van sy kommentare. Nou lyk dit of Calvyn nogal ingenome is met sy eksegetiese arbeid. In sy Acta Synodi Tridentini cum antidoto maak Calvyn 'n vergelyking tussen die reformatoriese en die Roomse Skrifuitlegging en dan skryf hy: „Ons het vir die verstaan van die Skrif meer gedoen as alle doctores wat sedert die ontstaan van die pousdom in die Roomse Kerk opgestaan het" (Acta Synodi Trindentini cum antidoto, ed. Schipper I p. 231, 232).

Calvyn het egter die diepe besef gehad dat hy sy belangrike eksegetiese arbeid net kon doen omdat hy die gawe van uitleg van Christus ontvang het. Christus leer ons deur Sy Gees om God se Woord te verstaan. In verband met die verstaan van die Bybel verwys Calvyn telkens na die Heilige Gees.

Calvyn het nie 'n uitgewerkte hermeneutiek nagelaat nie. Tog kan ons in sy werke duidelik hermeneutiese reëls opspoor. H. J. Kraus noem in sy studie: Calvin's exegetische Prinzipiën agt besondere eienskappe wat Calvyn se eksegese gekenmerk het (Zeitschrift für Kirchengeschichte, 79 (1968) p. (329—341). In die beginsels van die eksegese by Calvyn val besonder klem op die plek van die Heilige Gees in die hele proses van verstaan en vertolking. Juis in sy hermeneutiek blyk Calvyn voluit die teoloog van die Heilige Gees te wees. In die nuwe hermeneutiek is in navolging van Heideg-

ger veral aandag gegee aan die analise van verstaan. Hoe kom 'n mens tot verstaan? Watter prosesse is daarby aan die gang? Nou blyk dit dat Calvyn reeds in sy tyd met daardie probleem geworstel het. Dit wys hoe „modern" Calvyn is. Daarom is dit besonder aktueel om vandag na Calvyn te luister, omdat in die hedendaagse hermeneutiek die werk van die Heilige Gees as oorbodig beskou word. Daar was 'n gevestigde opvatting dat hermeneutiek die teorie van interpretasie of eksegese is. In die twintiger en dertiger jare van hierdie eeu het daar 'n heeltemal nuwe besinning op die hermeneutiek gekom. Karl Barth het in sy K.D. reeds die probleem van die verstaan (das Verstehen) aan die orde gestel (I 2, 515, 800—830). Maar dit was veral R. Bultmann wat die begrip hermeneutiek 'n nuwe inhoud gegee het. Taal is volgens Bultmann as sodanig ontoereikend om die saak bo misverstand te formuleer. Taal het 'n objektiverende werking. Ons moet leer om woorde en begrippe eksistensieel te interpreteer. Die hermeneutiek van R. Bultmann wil die gedagte of gebeure wat agter die taal lê en wat in die taal geobjektiveer is, naspeur. Ten opsigte van die Bybel is die beslissende vraag: hoe word die menslike eksistensie in die Bybel verstaan? (Vgl. M. de Jonge, Theologie als hermeneutiek, in: Rondom het Woord, Theol. Etherleergang der N.C.R.V., 1967, p. 103). Dan kom die post-Bultmann periode wanneer sy twee leerlinge Ernst Fuchs en Gerard Ebeling die werklikheid nie *agter* die taal gaan soek nie maar *in* die taal. Hulle beskou die taal as iets wat self spreek. In die gebruik van die taal gebeur daar iets. Die spraakgebeurtenis skep 'n verhouding. Wanneer jy iemand jou vriend noem, word hy jou vriend.

Dit sal ons te ver voer om hierdie verskille tussen Fuchs en Ebeling aan te wys. Dit eis ook die uiterste inspanning om die gedagte van hierdie twee hermeneutiese teoloë te volg. Dit is vlr ons voldoende om te weet dat Fuchs en Ebeling met hermeneutiek bedoel om die spraak- of woord-gebeurtenis weer te laat plaasvind. Die gestolde woord moet vloeibaar word. Eintlik gebeur dit vanself, maar daar is remminge en steuringe in die woord-gebeure en dit moet die hermeneutiek opspoor en ophef. Ons leef egter nou alweer in die na-Fuchs-Ebeling-era.

Daar is verskeie resente eksegetiese modelle aangebied wat die eksegeet moet help om die Bybel te verstaan. Daar is die modelle van die Amerikaanse literary criticism, die model van die Franse strukturele eksegese, die Suid-Afrikaanse model van die sg. redevoeringsanalise en die Duitse model van die generatiewe Poëtik. En asof dit nog nie voldoende is nie is daar die nuutste eksegetiese model op die mark nl. die kommunikasie-model van W. S. Vorster in noue aansluiting aan J. Anderegg.

Sonder om al die metodes en modelle breedvoerig te analiseer, moet tog gesê word dat ons by bykans al hierdie metodes en modelle die indruk kry dat verstaan alleen met behulp van die hermeneutiek moontlik is.

Ons vind in die nuwer hermeneutiek 'n oorbeklemtoning van die taal, die metode, die model en 'n onderbeklemtoning van die Heilige

Gees. As ons maar die kompetensie aanleer om 'n metode of model te hanteer dan sal ons die Bybel kan laat kommunikeer in ons tyd. Die hermeneut kry 'n prominente, ja 'n onmisbare plek tussen die Bybel en die hoorders. Wat dit betref is ons weer terug in die donker Middeleeue waar die priester tussen die Bybel en die leek staan as die enige vertolker van die Woord van God (Vgl. J. C. Coetzee, 'n Ou Boek in 'n nuwe wêreld of 'n nuwe Boek in 'n ou wêreld? Nuwer tendense in die Nuwe Testamentiese Wetenskap in Suid-Afrika, p. 16).

*Woord en Gees by Calvyn*

Wanneer ons nou gaan luister na Calvyn as die teoloog van die Heilige Gees dan moet ons altyd in gedagte hou dat Calvyn op twee fronte moes veg: teen die Roomse kerk en teen die Doperse beweging. Die Heilige Gees is absoluut noodsaaklik vir die verstaan van die Skrif. Aan die Roomse kerk verwyt Calvyn dat daar die eenheid tussen Woord en Gees losgelaat word. Die Doperse Beweging doen dieselfde.

Pous en Anabaptiste stoel volgens Calvyn maar op dieselfde wortel. Die Anabaptiste skei Woord en Gees en Rome sluit die Gees op in die Woord en die sakramente (vgl. H. Balke, Calvijn en de doperse Radikalen, 1973, p. 140—143). Teenoor beide handhaaf Calvyn die eenheid van Woord en Gees. Die basis vir die gesag van die Bybel is dat God self die Een is wat deur en vanuit die Skrif tot ons spreek (Inst. I vii, 1, 4).

Die geheimenisse van God kan alleen verstaan word deur mense in soverre hulle genadiglik verlig is deur die Heilige Gees. (Inst. II 2, 21).

Daarom kan die Woord alleen reg verstaan en gelowig aanvaar word, deur die bevestiging van die innerlike getuienis van die Heilige Gees — want God alleen is in die Skrif én in ons harte die enigste genoegsame Getuie vir Homself! (Inst. I, 7, 4).

Sowel geloof in die Bybel as suiwer interpretasie van die Bybel word deur hierdie samebindende faktor (God wat spreek deur sy Gees in die Woord en in die hart van die mens) bepaal.

In 1539 gee Calvyn 'n belangrike uitbreiding van sy locus de Scriptura uit sy Institusie van 1536. Hierdie gedeelte word dan in die uitgawe van 1559 'n aparte hoofstuk.

Calvyn stel dit dan baie duidelik dat die Heilige Gees onlosmaaklik met die Woord verbonde is. Die Heilige Gees aan Wie alle dinge onderworpe is, is self onderworpe aan die Skrif. Dis nie oneervol, smaad of 'n belediging vir die Heilige Gees nie, want die Heilige Gees wil herken word in wat Hy in die Skrif ingedruk het (C.R. 1, 302).

Die Heilige Gees wat in die apostels woon en wat deur hulle gespreek het, roep ons voortdurend op om na die Woord te kom. Die Woord is die instrument waardeur God die verligting van sy Gees aan die gelowiges meedeel (C.K. 1, 303). Die mening van

die Heilige Gees is in die Skrif geopenbaar. En die Heilige Gees word nie meegedeel nie behalwe deur die Skrif.

Calvyn stel met groot nadruk dat die verstaan van die Woord deur die Heilige Gees plaasvind en dat die Gees dit doen deur die Woord, dus daar waar die Woord gehoor word. Eers moet die Woord akoesties gehoor word alvorens die Gees dit van die oor in die hart indra (Inst. IV, 14, 10).

Ons moet dit egter nie so verstaan nie dat die Heilige Gees in sy begeleiding van die Woord, die Woord tot objek maak nie. Dit is volgens Calvyn veeleer so dat die Gees en die Woord hulle saam rig op dieselfde objek, die hart van die mens (vgl. W. Krusche, Das Wirken des Heiligen Geistes nach Calvin, 1957, 228, 229). Calvyn het hom nooit laat verlei tot die orthodoks-Lutherse leer van die blywende Woordimanensie van die Heilige Gees nie.

In een van sy laaste kommentare nl. sy kommentaar op Eségiël wat hy kort voor sy dood geskryf het en wat sekerlik as een van die rypste vrugte van sy eksegetiese arbeid beskou kan word, het Calvyn besondere aandag gegee aan die verhouding Woord-Gees in verband met die verstaan van die Woord van God.

In hierdie kommentaar skrywe Calvyn oor die betekenis van die taal en die Woord. Ons moet goed onthou, so skrywe Calvyn, dat die krag, die efficax, van die Woord nie in die klank van die woorde opgesluit is nie, want dit kom deur die verborge ingewing van die Heilige Gees. Dit kan ons by Eségiël leer, so sê Calvyn, want aan die een kant verseker die profeet dat hy die stem van God gehoor het wat hom beveel het om op sy voete te staan, maar andersyds beklemtoon die profeet ook dat hy nie deur die stem opgewek is nie, totdat die Gees hom op sy voete gestel het (Komm. Eseg. 2 : 1, 2).

Sonder om dinge te skei maak Calvyn dus 'n onderskeid tussen die Woord van God en die werking van die Gees om sodoende aan te toon dat die Woord op homself, dus sonder die Gees („per se" soos Calvyn dit uitdruk) nie krag besit nie.

En dan volg in sy kommentaar 'n polemiek teen die anabaptiste waarin Calvyn daarop wys dat hoewel die Gees aan die Woord krag verleen dit hoegenaamd nie beteken dat die Woord, die taal, die prediking, die verklaring van die Woord daardeur oorbodig geword het nie, want dit het God behaag om op hierdie wyse te werk.

### *Die antropologie van Calvyn*

Teologiese agtergrond van Calvyn se geweldige beklemtoning van die Heilige Gees met betrekking tot die verstaan van die Bybel is ongetwyfeld sy geloof in die corruptio hominis, die verdorwenheid van die mens.

Verstaan van die Woord van God is volgens Calvyn nooit 'n vanselfsprekende saak nie. Hierdie teologiese agtergrond ontbreek in die nuwere hermeneutiek al te veel. En daarom kry die Heilige Gees so min aandag by die huidige deurligting van die spraakgebeurtenis. Wanneer dit gaan om die oorsake wat die verstaan van die

Skrif bemoeilik dan is Calvyn van oordeel dat die grootste belemmering vir die verstaan van die Skrif nie in die teks of die taal gesoek moet word nie maar in diemensself. In sy kommentaar op 1 Kor. 1:20 skryf Calvyn dat die mens ewe min geskik is vir die verstaan van goddelike geheime as 'n esel vir 'n konsert (Vgl. Inst. II 2, 18; F. Harm. Evang. Luk 24 : 25). Die Heilige Gees moet die hart van die mens sag maak, sy ore deurboor en sy oë oopmaak om die Bybel te kan verstaan (W. Krusche, a.w., p.225 noot 535). L. Goumaz wat op hierdie punt Calvyn se kommentaar ondersoek het, is van oordeel dat volgens Calvyn in die proses van die verstaan van die Bybel die Heilige Gees optree as die Begeleider van die Woord. „L'esprit qui accompagne la parole" (L. Goumaz, La doctrine du salut d'après de Jean Calvin sur le Nouveau Testament, 1917, p. 321). Dit beteken nie dat volgens Calvyn die Gees los van die Woord in die hart die verstaan werk of dat die Woord slegs uiterlik en die Gees alleen maar innerlik werk nie. Die Gees werk „non ante, nec post sed simul auribus loquitur" (W. Krusche, a.w., p. 230 noot 563).

Aangesien die mens van nature God se spreke nie kan verstaan nie, moet die Heilige Gees wat sy krag toon in die gepredikte Woord daarby kom. Nou is Calvyn besonder versigtig. Hy weet ook dat hierdie krag van God se Gees Hom nie altyd in die mens openbaar nie. Nogtans is die krag van die Gees in sekere sin in die Woord ingesluit. „Habet tamen in se quodammodo inclusam" (C.R. 55, 50; Heb. 4 : 12). Met die woordjie quodammodo druk Calvyn hom baie versigtig uit. Aan die een kant wil Calvyn niks te kort doen aan die vrymag van die Gees nie en andersyds wil hy nie in die Doperse slaggat val nie. Daarom leer hy 'n noue verbinding van Woord en Gees sonder om dit magies, kousaal of outomaties op te vat. God het die Gees belowe aan die regte verkondiging van sy Woord (W. Balke, a.w., p. 343).

Verstaan van die Woord van God is by Calvyn nooit 'n vanselfsprekende saak nie. Die Heilige Gees moet daarby kom wees. Wanneer Calvyn die werk van die Heilige Gees in die proses van verstaan nader gaan toelig dan skrywe hy dat die Gees van God twee dinge doen: Hy beïnvloed die menslike gees (Lat. mens) sodanig dat die blindheid weggeneem word en Hy maak die menslike hart (Lat. cor) gewillig om hom aan die juk van Christus te onderwerp. (Komm. op Luk. 29 : 45). Calvyn aanvaar dus 'n tweevoudige Geesteswerking wat weer nie van mekaar geskei mag word nie maar wel onderskei moet word. Die een werking van die Gees rig hom op die menslike gees en dit noem Calvyn die illuminare, illustrare of illucere mentes en die ander werking van die Gees is gerig op die menslike hart en dit noem Calvyn obsignare (verseël), insculpere (inbeitel) of infigere (bevestig, inboor) cordibus (W. Krusche, a.w., p. 259, noot 727).

En dan voeg Calvyn by: die verligtende werking van die Gees is nie nodig omdat die Woord duister sou wees nie — die Woord is 'n helder lamp — maar die Woord skyn onder blindes en daarom moet by die ligtende Woord ook die verligtende Gees kom (W. Kursche, a.w. p. 259, 260). Die Woord is soos 'n son wat almal

bestraal aan wie dit verkondig word maar sonder vrug onder blindes (Inst. III, 2, 34).

Die Woord kan nie in ons gees indring nie tensy die inwendige Onderwyser en Mentor die Heilige Gees daarin binnedring nie (Vgl. Luk. 24, 45, Ps. 119 : 18).

In verband met die verstaan wys Calvyn ook telkens op die geloof. Die Woord van God word verstaan wanneer dit geglo word. Geloof kan volgens Calvyn nie van verstaan onderskei word nie, want geloof alleen bring tot verstaan (Komm. Hand. 15 : 14).

Calvyn was van twee dinge diep oortuig; die mens is in verband met die hemelse boodskap van die evangelie soos 'n esel by 'n simfonie. En die Heilige Gees alleen leer ons om die Woord, die prediking te verstaan.

Wat was die uitwerking van hierdie tweevoudige oortuiging op Calvyn se lewe? Ook weer tweërlei: Calvyn was 'n man van ywerige volgehoue studie en Calvyn was 'n man van gebed. Orare et laborare.

*Calvyn as filoloog en eksegeet.*

Calvyn se sterk beklemtoning van die Heilige Gees met betrekking tot die verstaan van die Bybel het hom nie passief gemaak nie. Die Gees gee die verstaan. Hy leer om te verklaar, maar juis die donum interpretationis as 'n gawe van ons hoogste en enige Leermeester Christus het Calvyn tot die grootste aktiwiteit aangespoor.

As wetenskaplik geskoolde filoloog en eksegeet is hy ter sake En dan gee Calvyn allerlei kostelike reëls in die ekegese. Veral in sy kontrovers kom dit aan die lig met die Doperse beweging.

1. DiDe eerste beginsel by eksegese is die beginsel van helderheid en bondigheid. Calvyn noem dit perspicua brevitas. Hoekom? Omdat die Skrif ook helder en duidelik is. Daarom moet ons eksegese daarmee in ooreenstemming wees (C.R. 38, 403).

2. Dan volg die tweede belangrike reël by die eksegese. Ons moet altyd begin om te soek na die bedoeling van die skrywer. Calvyn noem dit die „mens scriptoris" of „concilium auctoris". Wat was die oorspronklike bedoeling van die skrywer wat deur die Heilige Gees geïnspireer is? Die profeet Eségiël bv. — so sê Calvyn — maak soos profete maar gewoond is om te doen — gebruik van 'n „figure exterieure". Wanneer hy oor die siel van die mens praat dan gebruik hy die woord wind of gees (37, 9) (C.R. 7. 128).

Let ook op die woorde dood en graf in die Psalms, so verduidelik Calvyn. Hulle wat God verwerp het en wat Hy met sy toorn vervolg, word dooies genoem en hulle ellende word met die beeld van die graf aangedui (C.R. 7, 136).

3. Let op die *konteks,* op die verband waarin die teks staan. Kyk maar na die eksegese van die Doperse leraars, so roep Calvyn uit. Paulus skrywer in 2 Thess. 3 : 10: as iemand nie wil werk nie, dan moet hy ook nie eet nie. Wanneer nie op die verband gelet word nie, dan moet jy so wreed wees om op grond van hierdie woorde

van Paulus die klein kindertjies tot die hongerdood te veroordeel (C.R. 7, 59).

4. Ons moet by 'n teks of Skrifgedeelte let op die werklike betekenis, die sensus genuinus of sensus grammaticus en dit moet duidelik uiteengesit word (Inst. IV, 17, 22).

5. Ons moet ook ag gee op historiese, geografiese, kulturele omstandighede (circumstantia) (Inst. IV, 16, 23).

6. Dan moet die eksegeet seker maak of hy by sy verklaring verder mag gaan as die direkte, letterlike woorde in die teks. Calvyn noem dit die mag van die progressus ultra verba (Inst. II, 8, 8). In sommige gevalle is dit 'n gebiedende eis soos byvoorbeeld by die Tien Gebooie. Elke konkrete gebod bv. egbreek, doodslaan, steel dek 'n veel wyer terrein.

7. Beeldspraak in die Bybel soos metafore, allegoriese en hiperbole stel hoë eise aan die eksegeet. Ons moet oog hê vir 'n etonymicus sermo. Ons moet in ons verklaring altyd bly binne die reëls wat die Skrif self gestel het (Inst. IV, 17, 21).

8. Ten agste moet ons, so sê Calvyn, let op die „scopus Christus" (C.R. 47, 125). Ons moet die Skrif lees en verklaar met die doel om Christus daarin te vind. Die scopus Christus is by Calvyn nie 'n *eklektiese* beginsel nie maar 'n openbaringshistoriese beginsel (W. Balke, Calvyn in de Doperdse Radikalen, 1973, p. 340). (Vgl. vir hierdie reëls Hans-Joachim Kraus, Calvins exegetische Prinzipiën, Zeitschrift für Kirchengeschichte, 79 (1968) S. 329—341).

Saamvattend kan ons sê dat Calvyn se eksegese sterk gerig is op die prediking. Die verklaring van 'n teks moet gerig wees op die algemene belang van die kerk en op die praktyk van die geloofslewe. (L. Floor, Calvyn se hermeneutiek in sy betekenis vir ons tyd, In die Skriflig, Jrg. 4 No. 14, 1970, p. 12).

Calvyn is van oordeel dat niemand 'n volledige insig in die Skrif van God ontvang het nie. Dit mag ons wel ootmoedig maak en dit verplig ons aldus Calvyn tot 'n broederlike gemeenskap van eksegete. In sy aangrypende brief aan Grynaeus deel hy mee, dat hy die resultate van sy eksegese aan 'n mede broeder ter beoordeling wil voorlê (L. Floor, a. art., p. 13). Ons kan van Calvyn leer dat ons in ons eksegetiese arbeid mekaar nodig het. Hoe stimulerend sal dit nie wees nie as ons as predikante ons eksegetiese werkstukke ter voorbereiding van die prediking aan mekaar voorlê en dit met mekaar bespreek nie.

Nie alleen heg Calvyn in sy eksegetiese arbeid groot waarde aan die beoordeling van geesverwante nie, hy luister ook graag na vroeëre eksegete, die kerkvaders, Augustinus. Daar is volgens Calvyn wat hy noem 'n „consensus interpretationis", en daar mag slegs in uiterste gevalle van afgewyk word. (H. J. Kraus, an. p. 320).

*Calvyn se gebedslewe*

In al sy eksegetiese arbeid was Calvyn diep oortuig dat die Heilige Gees deur middel van die Woord, die taal, die teks, die prediking werk en daarom was hy ook 'n man van gebed.

Die bekende Calfynkenner E. Doumergue lê in sy boeke: Le

Caracter de Calvin, 'n verband tussen Calvyn se gebedslewe en sy geloof in die Heilige Gees (Ned. Vert., Calvyn as mens en hervormer, 1931, p. 12).

Aangesien die regte vertolking van die Bybel 'n gawe van God is, mag, ja moet hierdie gawe van God afgesmeek word.

Alleen deur die weldaad van die gebed, so skrywe Calvyn, kry ons toegang tot die rykdomme wat daar by die hemelse Vader vir ons weggelê is (Inst. III 22, 2). Calvyn gee ook duidelik aan hoe ons moet bid. In die eerste plek moet ons bid in die diepe besef van ons armoede en blindheid met 'n belydenis van ons skuld (Inst. 191, 22, 9).

Besef van ons armoede en blindheid, ons sonde en ons verdorwenheid sal ons neerdruk in die gebed, maar Gods goedertierenheid sal ons weer oprig. So is in ons gebedslewe boetvaardigheid en geloof trou metgeselle waarvan die een ons skrik maak en die ander ons bly maak. Hierdie twee moet mekaar wederkerig ontmoet in ons gebede (Inst. III, 22, 11).

In ons tyd noudat die Heilige Gees uit die werksplek van die eksegeet uitgedryf word en ons 'n oorbeklemtoning van die taal, 'n oorwaardering van die woord, 'n geloof in 'n metode aanskou, is dit noodsaaklik om in navolging van Calvyn ons te oriënteer en te heroriënteer op die persoon en die werk van die Heilige Gees in die hermeneutiek.

Boweal moet ons onsself dissiplineer om daagliks te bid om die leiding van die Heilige Gees by al ons eksegetiese arbeid.

Agter al ons arbeid en worsteling om die Skrif te verstaan, staan die groot en beslissende hermeneutiese Faktor: Die Heilige Gees. Hy wat in die Bybelskrywer werksaam was, wil ook in die Bybelverklaarder werksaam wees. Daarom is die Heilige Gees die eksegeet sonder gelyke. (A. D. du Toit, Die Eksegese van die Sinoptiese Evangelies, in: Hermeneutica, erebundel aangebied aan prof. dr. E. P. Groenewald, 1970, p. 93, 94).

*Gelewer voor die G.T.V. Potchefstroom, 17 Maart 1980.*